40 JAAR
NASIONALE EN GEMEENSKAPSNUUS
Dinsdag 2 Mei 2017
# Republikein
Jou land. Jou taal. Jou koerant.
N$6

» April: Meer as 200 dood

# Minstens 23 padsterftes


Die Iveco-minibus wat tussen Otjiwarongo en Okahandja in 'n kop-teen-kop-botsing met 'n bakkie betrokke was. FOTO NAMPA

**Die polisiehoof doen 'n beroep op Namibiërs om teen roekelose bestuurders op te staan nadat 'n massaslagting die langnaweek op paaie plaasgevind het.**

› Francoise Steynberg

Ná 'n massaslagting die afgelope langnaweek op Namibiese paaie het die polisiehoof, lt.genl. Sebastian Ndeitunga, 'n beroep op roekelose bestuurders gedoen om hul "dodelike houdings te verander wat jaarliks honderde lewens eis".

Dit volg nadat net een ongeluk oor die langnaweek op Sondag omstreeks 16:30 die lewe van 15 mense tussen Otjiwarongo en Okahandja geëis het toe 'n bakkie en 'n Iveco-minibus sowat 85 km suid van Otjiwarongo gebots het.

Adj.komm. Naukalemo Andreas van die Otjozondjupastreek wat Sondag op die ongelukstoneel by die brug van die Omatakorivier was, sê tien mense wat in die Iveco-minibus gereis het, het verbrand - só erg dat hulle nie uitgeken kan word nie.

Al vyf die insittendes van die bakkie, drie vroue en twee mans, insluitende die bestuurder, is op die toneel dood.

Veertien van die minibus se 28 passasiers, tussen die ouderdomme van 3 en 34 jaar, het ligte tot ernstige beserings opgedoen en is kort ná die ongeluk na die Otjiwarongo-staatshospitaal gehaas.

Verbygangers het van die meeste oorlewendes uit die bus getrek, terwyl sommige tydens die ongeluk uit die voertuig geslinger is.

Andreas het gesê die minibus het van Otjiwarongo na Okahandja gereis, terwyl die bakkie in die teenoorgestelde rigting gery het. Dit word beweer dat die bus van die Noorde na Windhoek gereis het, terwyl die bakkie van Windhoek na Tsumeb onderweg was.

Een van die voertuie het na bewering die ander een verbygesteek waarna die ongeluk gebeur het.

Volgens Andreas is dit nog nie moontlik om die ouderdomme of die geslag van die oorledenes te bevestig nie. Die polisie doen 'n beroep op mense om hul vermiste familielede of vriende aan te meld om die oorledenes te identifiseer. Forensiese ondersoeke duur nog voort.

## NÓG SLAGOFFERS

Minstens nóg agt mense het die langnaweek in ander ongelukke gesterf. Een persoon is Vrydag tussen 04:30 en 05:00 in 'n ongeluk 15 km noord van Rehoboth in 'n kop-teen-kop-botsing tussen 'n sedanvoertuig en 'n klein bakkie dood. Die oorledene, me. Xalied Nadia van der Bergh (27), was in die bakkie. Aanvanklik is berig dat drie mense gesterf het, maar volgens die polisie se misdaadverslag is die twee bestuurders ernstig beseer en in 'n hospitaal opgeneem.

Volgens 'n ooggetuie het die sedanvoertuig net voor die ongeluk teen 160 km by die ooggetuie verbygejaag. Die ooggetuie het knap daarna op die ongeluk afgekom, dit by die polisie van Rehoboth gerapporteer en 'n eedsverklaring afgelê.

Twee mense is Vrydag omstreeks 16:30 op slag dood nadat beide linkerbande van 'n sedanvoertuig 20 km vanaf Aus op die Aus-Keetmanshooppad gebars en die voertuig omgeslaan het. Die oorledenes is me. Anthea Isaaks (24) en Ricardo Swartz (13). Die bestuurder en ander passasiers het ligte tot ernstige beserings opgedoen.

Nóg 'n ongeluk het die lewe van 'n passasier van 'n Ford-bakkie op die pas tussen Tsumeb en Oshivelo Vrydagmiddag geëis.

Die bestuurder, mnr. Nghuumbwasha Haindongo (38), het beheer oor die bakkie verloor toe hy en sy vrou, me. Ester Shatipamba (31), hul babaseuntjie van 11 maande en 'n familielid na Grootfontein gereis het.

Al vier insittendes is beseer en na 'n hospitaal op Tsumeb gehaas waar Shatipamba gesterf het. Haindongo is na 'n hospitaal op Oshakati oorgeplaas waar hy in 'n kritieke toestand is.

Die bestuurder van 'n Corsa-bakkie wat vermoedelik onder die invloed van alkohol was, het Vrydag omstreeks 02:00 by die Mupapamanedersetting op die grondpad tussen Rundu en Divundu 'n voetganger raakgekry wat op slag dood is. Die oorledene is mnr. Muronga Johannes Ndara (23). Die bestuurder (32) het beheer oor die bakkie verloor en in 'n huis vasgery. Hy en en sy passasier het ernstige beserings opgedoen.

Die passasier in 'n bakkie, me. Angela Kheibes (39), is die slagoffer van 'n ongeluk wat Vrydag om 17:00 sowat 10 km vanaf Keetmanshoop op die B1-hoofroete tussen Keetmanshoop en Tses gebeur het. Dit word beweer dat die bakkie omgeslaan het nadat die bestuurder beheer daaroor verloor het. Die 40-jarige bestuurder is lig beseer.

In Herefordweg in Wanaheda in die hoofstad het 'n sedanvoertuig Vrydag om 19:50 trompop met 'n aankomende Iveco-minibus met 24 passasiers gebots. Mnr. Richard Karipo (79) is op slag dood. Die bestuurder (37) van die minibus en die meeste van die passasiers is lig tot ernstig beseer en in 'n hospitaal opgeneem. NA BL. 2

## IN VANDAG SE KOERANT

IN BEELD
OUTJO WILDSFEES LOK GROOT GETALLE BLADSY 4



# N$1,3 miljard kort vir Neckartal

› Ronelle Rademeyer

**Die tesourie sal vanjaar 'n haas uit die hoed moet pluk om die Italiaanse konstruksiereus Salini S.p.A. vir die afhandeling van die bouwerk aan die Neckartaldam by Keetmanshoop te betaal.**

Die ministerie van landbou, water en bosbou het in die huidige boekjaar sowat N$1,3 miljard te min daarvoor begroot. N$414,6 miljoen is in die 2017-'18-boekjaar vir die dam opsy gesit, terwyl N$1,7 miljard nodig is om die werk te voltooi. Dit beteken die ministerie kom sowat N$1,285 miljard op sy begroting tekort.


Bouwerk aan die Neckartaldam in die Visrivier naby Keetmanshoop moet in Desember vanjaar voltooi wees. FOTO VERSKAF

Hierdie syfers het aan die lig gekom toe mnr. John Mutorwa, minister van landbou, water en bosbou, vroeër sy ministerie se begrotingspos in die Nasionale Vergadering (NV) gemotiveer het.

Mnr. Abraham Nehemia, adjunk permanente sekretaris van water en bosbou in dié ministerie, sê die dam moet in Desember voltooi wees. "Die kontruksie moet afgehandel wees. In Januarie en Februarie volgende jaar sal daar net nog opruimingswerk en rehabilitering van die terrein gedoen word."

Hy het Vrydag in 'n onderhoud aan *Republikein* erken daar is ver onderbegroot en gesê die ministerie hoop die minister van finansies sal tydens die begrotingshersiening later vanjaar deur middel van 'n hertoedeling die geld daarvoor vind.

Op die vraag oor wat tot die onderbegroting gelei het, het hy gesê weens die fiskale konsolidering moet oral besnoei word. Nehemia het gesê hy is vol vertroue dat die geld later vanjaar tydens die begrotingshersiening beskikbaar gestel sal word. NA BL. 2




ISSN 1560-9448
JAARGANG 40
NO. 102

Nuus ▸ 2-9 | Praat saam ▸ 10 | Die Mark ▸ 13 | Motors ▸ 20 | Kleinadvertensies ▸ 23 | Sport ▸ 30